Simon weet hoe om reünie te hou!

Die Simonsberg Jubileum-reüniekomitee. Agter is Pieter Eksteen (tesourier), Jan Louw, Stephan Heil, Wessel Visser, Charl Theron, Alex Luttig (voorsitter); Anton Kruger (sekretaris) en Stephanus Malherbe. Voor is HP van der Merwe, Danie Schreuder (inwonende hoof) en Carel Kotze

Die Withuis het vroeër vanjaar sy vyftigste bestaansjaar op luisterryke wyse gevier. Vroeg in September het Oud-Simonsbergers van so ver as Namibië, Australië en Ierland gekom om die koshuis se jubileumfeesvieringe by te woon.

Die verrigtinge het 'n gholftoernooi, wyntoer en 'n spitbraai op die grasperk voor die koshuis ingesluit. Meer as 500 feesgangers – die meeste nog ooit vir 'n Simonsberg-reünie het die naweek bygewoon.

Alhoewel dit te midde van al die blesse, boepe en gryskoppe soms moeilik was om ou bekendes te herken, was dit verteenwoordigend van die volle spektrum van Simonsberggenerasies, van die 1950's tot die draai van die eeu. Tot laatnag is gekuier en stories en staaltjies van ouds in herinnering geroep. Saterdagoggend het Gys Steyn, Simonsberg se eerste primarius, 'n huisvergadering in die eetsaal gelei waartydens die Bond se nuwe bestuur vir die volgende termyn onder meer verkies is. Saterdag se hoogtepunt was 'n gala-aand in die Stellenbosse stadsaal waartydens ongeveer R100 000 ter stywing van die Bond se fondse ingesamel is. Vanselfsprekend was die konsensus na die naweek se verrigtinge:
"Oor vyf jaar maak ons weer so!" m

Wêreldwyd
gesels
Oudmaties
saam
ALUMNI
GESPREKSFORUM
www.matiesalumni.net

Helshoogte kraai koning in Gauteng

Gedurende die Julie vakansie het 'n groep van 70 Helshoogters 'n baie unieke en geslaagde diversiteits-sporttoer na Pretoria onderneem. Helshoogters het skoonskip gemaak op die sokker, hokkie en rugby veld. Die toer is op 'n HOOGTE-punt afgesluit met 'n saamtrek van 50 Oud-Helshoogters in Gauteng en toerlede by die Tukkies sportgronde.
By die dinee is die Gautengstreek van die Oud-Helshoogters klub amptelik bekend gestel. Toerlede is vermaak met staaltjies deur die inwonende hoof, prof Tokkie Coetzer en die voorsitter van die Oud-Helshoogter Klub, prof Stef Coetzee.

Enige Oud-Helshoogter wat betrokke wil raak by Oud-Helshoogter aktiwiteite in Gauteng kan vir Ernst Punt by 082 551 7145 of Ettiene Jordaan by 082 781 0841 skakel.

KLEIN KAROO NASIONALE KUNSTEFEES 2006

Kom kuier saam met ons by KKNK 2006!

Die Alumni-kantoor gaan vanaf 1- 8 April 2006 by die CP Nel Museum in Oudsthoorn 'n stalletjie hê.

Bring jou seun of dogter saam wat belangstel om 'n Matie te word, want die Sentrum vir Voornemende Studente gaan ook daar wees om al jou vrae te beantwoord.

'n Alumni-byeenkoms word ook vir die fees beplan!
Meer inligting is binnekort op die alumni-webblad beskikbaar!

'n Fees der feeste... vir Oudmaties deur Oudmaties!